Saam boer ons vooruit
Together cultivating success
www.laeveld.co.za

Hennie du Toit

Area: Ceres/Witzenberg

T: 082 898 8588 / E: hennie.dutoit@laeveld.co.za

Gewasse: Kernvrugte, steenvrugte, sitrus, wyndruiwe, kleingraan en groente
Aanbieding: Oesbeskerming, plantvoeding, presisiedienste

Hennie du Toit is in die Wes-Kaap gebore en getoë. Op vyf-jarige ouderdom het hy saam met sy ouers, en die gesin vanaf Worcester na Ceres getrek. Hy het aan Hoërskool Charlie Hofmeyr gematrikuleer, waarna hy sy diensplig in die vloot as 'n hondehanteerder voltooi het.

Hierna het hy by Worcester Kollege gaan studeer en sy diploma in Boerderybestuur voltooi. Hy het vir drie en 'n half jaar as 'n plaasbestuurder in die Ceres-omgewing gewerk en daarna sy landboukennis op verskeie plase in Europa gaan verbreed.

Met sy terugkeer na Suid-Afrika, het hy 'n kursus in Nasionale Oesbeskerming by AVCASA (nou CropLife) gedoen en 'n sertifikaat in dié rigting verwerf. In 2001 het hy by UAP (nou AECI) in die Clanwilliam-gebied aangesluit onder die bekwame leiding van sy pa, Sakkie du Toit. Laasgenoemde het meer as 50 jaar se ondervinding in landbouchemikalieë.

Hennie het in 2004 teruggetrek na Ceres, waar hy weereens saam met sy pa gewerk het. Hy het ook sy eie vrugtevlieg-spatonderneming begin, wat hy tot vandag bedryf met die nodige plaagbeheer-operateurskwalifikasie en -registrasie. In 2016 het hy ook die gevorderde Grondberokings-kwalifikasie en -registrasie voltooi.

In 2022 het hy besluit om ná 21 jaar 'n groot skuif te maak en by die Laeveld Agrochem-familie aan te sluit as 'n agent in die Witzenberg munisipale gebied. **Hy sien uit daarna om met behulp van die kundigheid van Laeveld Agrochem se bestuur en ook dié van Agri Technovation 'n groot en volhoubare toekoms te bou.**

Hy geniet die 3 B's: Braai, brandewyn... bakkies. Verder geniet hy ook 4x4-roetes, motorfiets ry, die buitelewe, kamp en die see. Hennie is gaande oor sy werk, want hy sê hy het die kantoor met die beste uitsig.

Hy en sy vrou, Anzél, is in 2007 getroud en het twee kinders 'n dogter, Elani en seun, Jean-Pierre. Hennie beskou sy vrou nie net as sy hart nie, maar ook as sy regterhand op wie hy kan staatmaak om rekenaar- en tegnologiese probleme op te los, sodat hy eerder tyd by sy kliënte en op plase kan deurbring. Hennie geniet dit baie om tyd saam met sy gesin deur te bring, sy gunsteling plek (naas Ceres) is Danabaai in die Wes-Kaap.

Sy leuse is "Credo", wat beteken glo, vertrou en maak staat op ("believe, trust, rely on"). Net soos hy op die boere vertrou en in hulle glo, wil hy ook graag hulle vertroue wen en behou, en wil hy saam met hulle aan hulle boerderye werk – soos 'n familie. Die gewasse waarmee hy werk, is kernvrugte, steenvrugte, sitrus, wyndruiwe, kleingraan en groente.

Volgens Hennie is die noodsaaklikheid van boerdery se voortbestaan en sukses van kardinale belang vir 'n ieder en elk. "Daarom wil ek graag met die boere hande vat en saam met hulle 'n pad stap – nie net in die goeie tye nie, maar ook in die slegte tye," sê hy.

Hennie se gunsteling aanhaling is: ***"As jy vandag geëet het, sê vir God en 'n boer dankie."***

Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.
Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding, die beste advies te gee.